Buddy die bobbejaan

Skrywer: *Else Röhrs en Edith Kriel*

Kunswerk: *Toni de Jager*

Tema: *Anders wees, terg, gestremdheid*

Gepaste ouderdomsgroep: *Alle ouderdomme*

Mevrou Bobbejaan is baie gelukkig. Sy is gelukkig want een van die dae gaan sy 'n babatjie in haar arms vashou – haar eerste babatjie! Vier van die wyfie bobbejane in die trop het alreeds hulle eie baba's en hulle is so trots daaroor.

Gou genoeg arriveer die groot dag. Mevrou Bobbejaan word Mamma Bobbejaan toe haar klein babatjie gebore is. Mamma Bobbejaan hou die babatjie liefdevol in haar arms maar die trane stroom by haar wange af. Sy huil nie van gelukkigheid nie. O nee. Sy huil want sy voel so hulpeloos en bang. Sy weet nie wat om te doen nie.

Haar spesiale babatjie het 'n gebreklike armpie en die ouer lede van die trop sê: "Met daardie gebreklike arm sal jou baba altyd 'n swakkeling wees. Hy sal nooit kan oorleef en sorg vir homself op sy eie nie. Hy sal altyd 'n probleem vir die trop wees. Jy moet hom los in die veld vir die hïenas om te eet". Die ander trotse mammas stem saam. Selfs die babatjie se pappa sê: "Dit help nie om te huil nie. Daar is net een uitweg".

Wat moet Mamma Bobbejaan doen? Moet sy luister na die ander en haar baba seuntjie laat sterf, of moet sy hom probeer leer hoe om reg te kom in die wêreld? Wat sal die beste vir hom wees? Mamma Bobbejaan is lief vir haar baba – sy kan dit nie verdra om hom te los nie. Sy besluit toe om hom te hou en sy noem hom Dudley. Die ouer lede en ander mammas raas met haar en draai hulle rug op haar. Dudley se pa sê: "Moenie enige hulp van my verwag nie".

Mamma Bobbejaan probeer haar bes maar lewe is somtyds moeilik vir haar en Dudley. Die ander jong bobbejane kan styf vashou aan hulle mamma se maag of ry op hulle mamma se rug. Maar Dudley kan net vashou met een arm. Hy bly afval en dan moet Mamma stop en hom weer optel en dit sit soms vir hulle altwee in gevaar.

Die ander jong bobbejane is lief daarvoor om te swaai en te speel in die bome maar Dudley kan nie saamspeel nie as gevolg van sy arm. Hulle terg en spot hom altyd. Hulle noem hom "Dud" of "Duddy" wat "goed vir niks" beteken in Engels. Dit maak hom nutteloos voel. Hy steek sy gesig weg en kyk in die ander rigting en gee voor dat dit nie seermaak nie. Maar wanneer die ander nie kyk nie dan vind hy 'n wegkruipplek waar hy op sy eie kan huil.

Dudley se mamma kan sien hoe hy voel en sy is altyd baie behulpsaam. Omdat hy nie met die ander bobbejaantjies kan speel nie, spandeer Dudley baie tyd met sy mamma en die ander grootmense van die trop. Terwyl die ander bobbejaantjies speel, help hy die grootmense om kos te versamel. Hulle leer hom baie vaardighede en slim toertjies en hy leer hoe om klaar te kom met net een arm. Hy weet waar om die sappigste vrugte en bessies te vind. Hy grawe heerlike wortels en bolle uit die grond. Hy vind lekker insekte en hy word 'n uitstekende skerpioen jagter. Skerpioene is sy gunsteling krakerige kos!

Dudley hou daarvan om sy kos met die ander bobbejane te deel. Hy deel selfs sy skerpioene met die kleintjies as 'n spesiale bederfie, maar hulle noem hom nogsteeds "Duddy". Sy mamma sê

gereeld die rympie: "Sticks and stones can break your bones but words can never hurt you" (dit beteken stokkies en klippies kan jou bene breek maar woorde kan jou nooit seermaak nie), maar Dudley voel nogsteeds seergemaak wanneer die ander hom spot. Hy kan dit nie help nie.

Daar was geen reën vir 'n lang tyd nie en die veld is droog en stowwerig. Die vrugte en bessies is lankal op en selfs insekte is skaars. Daar is 'n droogte oor die hele land. Die bobbejane beweeg ver en wyd om vir kos te soek. Een vir een kom die groot bobbejane, selfs die leiers, na Dudley om te vra vir kos en hy deel altyd wat hy het.

Week na week raak die droogte net erger. Die watergate is amper leeg maar daar is geen reënwolke naby nie. Die bobbejane vind minder en minder kos en raak maerder en swakker by die dag.

Eendag terwyl almal grawe vir bolle sien Dudley 'n pofadder opgekrul op 'n klip. Dit is dieselfde kleur as die klip, perfek gekamoefleer. Hy kan sien die pofadder is reg om aan te val, want dit hou die bobbejane dop met koue oë en sy tong skiet in en uit sy mond. Soos alle bobbejane is Dudley bitter bang vir slange. Hy is reg om weg te hardloop toe klein Jo na hom aangehardloop kom en skree: "Duddy, Duddy, ek wil 'n skerpioen bederfie hê!" Jo sien nie die slang nie en hy is oppad om daarop te trap. Dudley reageer vinnig. Met sy een sterk arm gryp hy die pofadder agter sy kop, byt sy nek en maak dit dood in 'n flits!

Jo skree en al die ander bobbejane kom aangehardloop. Hulle vind Dudley wat die dooie slang vashou. Hulle kan skaars hulle oë glo! Jo sê vir Dudley in 'n hard genoeg stem sodat die hele trop kan hoor: "Dudley, ek kon blind or verlam of selfs dood gewees het, maar jy het my gered! Jy is 'n held! Ek is jammer dat ons jou altyd geterg het oor jou gebreklike arm. Ons het jou geterg want jy was anders as ons maar ons was dom om jou te oordeel op jou uiterstes. Ons het nie agtergekom hoe vriendelik jy regtig is nie en hoe braaf! Asseblief vergewe ons – asseblief gee ons nog 'n kans".

Al die ander bobbejane juig toe drie keer vir Dudley. Sy mamma glimlag trots. Selfs sy pappa lyk trots. Natuurlik is Dudley bereid om vir almal nog 'n kans te gee. Vanaf daardie dag noem niemand hom meer "Duddy" nie. Hulle noem hom "Buddy" want hulle weet hy is 'n ware vriend. Dit maak nie saak hoe hy lyk aan die buitekant nie. Ware vriende sien verby dit!

Ver in die doerte versamel die reënwolke en die bobbejane weet die reën is oppad en sal nuwe lewe bring. Dit is tyd vir 'n nuwe begin.